ecsponent Limited

Januarie **2019**

ecsponuus

Stort die mark ineen of bied dit nuwe geleenthede?

Beleggers sal hulle in 2019 moet voorberei vir moeilike ekonomiese uitdagings, maar van totale finansiële verval in die markte is daar nie werklik enige sprake nie.

Die algemene gevoel is ook dat die dekade van goedkoop geld geleidelik besig is om tot 'n einde te kom en dat beleggers hulle by nuwe realiteite moet aanpas.

Die Amerikaanse president Donald Trump se wittebrood met die finansiële markte nader sy einde en baie ekonome verwag dat Amerika in 2020 in 'n resessie kan verval.

JSE in beer gebied

Verlede maand het sowat 65% van die JSE-genoteerde aandele met meer as 20% in waarde gedaal, wat die JSE amptelik in 'n beermark gedompel het.

Die afgelope vyfjaarperiode was die ergste in die geskiedenis van die JSE. In die jaar tot einde November het die Indeks van Alle Aandele ook met 15% gedaal. Selfs prima-aandele, waar jou kapitaal meestal beskerm is, het swaar verliese gely. Dit sluit in aandele soos Mediclinic, British American Tobacco, Aspen en Tiger Brands, wat met meer as 40% in die jaar tot einde November gedaal het.

Markte stort nie ineen nie

Die mark sal 'n afname van 10 tot 15% elke vyf jaar ervaar en 'n afname van meer as 20% elke vyf tot tien jaar. Werklike ineenstortings, soos dié in 2008-2009, toe die markte met 40% tot 50% gedaal het, is skaars gebeurtenisse wat slegs twee maal in die afgelope 100 jaar voorgekom het.

Ons jongste beermark word ook nie deur 'n krisis gedryf nie. Bestaande beleggers moet nie paniekerig raak nie en dit eerder as 'n geleentheid beskou, omdat ommeswaai te wagte is. Krisisse word meestal gedryf deur onbeheerde skuld en terwyl skuldvlakke hoër is as die vlakke wat die Internasionale Monetêre Fonds sou wou sien, kan dit grootliks toegeskryf word aan die wêreld se poging om te herstel na die finansiële krisis wat die wêreld se banksisteme tot die rand van ineenstorting gestoot het, en die wêreldekonomie in resessie geplaas het.

Regerings het uitgawes verhoog om groei te bevorder, terwyl sentrale banke onkonvensionele metodes gebruik het om finansieringstoestande te verlig.

Mark bied geleentheid

Markte beweeg in siklusse en hierdie markdaling het 'n geleentheid vir winskopies geskep omdat baie aandele onder hul langtermynwaardasies verhandel. Beleggers moet egter, pleks van markte na te jaag, eerder fokus op die diversifikasie van hul portefeuljes en om hul welvaart te beskerm en uit te bou.

Buitelandse ontwikkelings, eerder as plaaslike faktore, is grootliks verantwoordelik vir die afname in die JSE. Aandelepryse daal dikwels in hoër rentekoersomgewings. Die stygende rentekoerse, die toename in die langtermyn staatseffekte van die VSA, asook die handelsoorlog tussen die VSA en China, het alles bygedra tot die laer aandeelpryse op die JSE.

Nuwe tendense

Plaaslike beleggers kan veral twee belangrike tendense in die volgende jaar onthou, naamlik ekonomiese bemagtigingstandaarde en die toenemende invloed van kunsmatige intelligensie op finansiële besluite.

IN DIÉ UITGAWE

Tekens van ekonomiese groei?

Na 'n onstuimige 2018 lyk dit asof daar 'n flikker van hoop vir Suid-Afrika se ekonomiese groeivooruitsigte in 2019 is. Hierdie hoop is grootliks afhanklik van ons politieke leierskap, maar as die politieke situasie met omsigtigheid bestuur word, kan die resultate uiters gunstig wees.

bladsy 2

Bemagtiging van Afrika

'n Ekonomiese filosofie, bekend as Afrikapitalisme, ondersteun Afrika se ekonomiese ommeswaai, met entrepreneurskap as die kern van die vasteland se strategie om armoede te besweer en ekonomiese voorspoed te verseker. Hierdie ontwikkelinge skep talle beleggingsgeleenthede.

bladsy 3

2019: Hoe om jou finansiële doelwitte te bereik

Die nuwe jaar het aangebreek en dit is weer tyd om nuwe doelwitte te stel en planne te maak om dit te bereik. Wat is jou finansiële doelwitte vanjaar en het jy 'n strategie en duidelike voornemens om dit te bereik?

bladsy 4

Suid Afrika: info@ecsponent.com • 087 8080 100 • Fintech Campus, Hv Botterklapper- en Ilangastrate, Die Wilgers, Pretoria, Gauteng
Swaziland: swaziland@ecsponent.com • +268 2417 1616 • 7 The Gables, Ezulwini, Swaziland
Botswana: botswana@ecsponent.com • +267 391 8756 • Eenheid G3, Victoria House, Plot 132 Independencelaan, Gaborone, Botswana
Hierdie inhoud is uitsluitlik voorsien ter inligting en moet nie as beleggingsadvies geag word nie.

Tekens van ekonomiese groei?

Ekonomiese groei vir Suid-Afrika lyk aanstaande jaar effens beter, maar die uitslag van ons verkiesings sal deurslaggewend wees vir beleggingsentiment jeens Suid-Afrika.

Beleggers het 'n wag-en-sien-benadering -- om te sien watter beleid na vore kom en in watter mate dit toegepas gaan word.

Die buitelandse beleggingsgemeenskap sien Pres. Cyril Ramaphosa as pragmaties en dat hy deeglik bewus is van die noodsaak om buitelandse beleggings te lok en ons ekonomie te stimuleer.

Beleggers is egter bekommerd oor die huidige dooiepunt in beleid en onvoldoende vordering deur die regering. Dit sal waarskynlik tot ná die verkiesing voortduur, ten spyte van die regering se huidige pogings om beleggings te bevorder.

Duidelike beleid en die uitvoering daarvan is belangrike bestanddele om sakevertroue te verbeter. Dit sluit in beleid met betrekking tot korrupsie, misdaad en staatsbeheerde entiteite, asook stappe om die infrastruktuur op alle vlakke in ons land te herbou.

Die risiko vir markte en die ekonomie is dat die ANC steeds ná die verkiesing verdeeld bly en dat noodsaaklike hervormings nie gemaak word nie. Daar is ook geen ruimte vir verdere foute of onbevoegdheid nie, veral ten opsigte van Eskom.

Nuwe ekonomiese siklus

Die post-verkiesingstydperk kan gekenmerk word deur definitiewe strukturele ekonomiese hervormings en dit kan die begin van 'n nuwe en groeiende marksiklus wees.

Pessimisme kan aanstaande jaar met hoop en optimisme vervang word. Die JSE kan sy laagtepunt bereik en geleidelik in die nuwe jaar begin herstel soos vertroue na die markte oorspoel.

Afgradering kan vermy word

Daar is 'n goeie kans dat Suid-Afrika 'n afgradering van Moody's -- die enigste agentskap wat 'n beleggingsgraadgradering vir Suid-Afrika het – kan vermy, ondanks amptelike voorspellings rakende begrotingstekorte en skuldverhoudings.

Moody's kan sy stabiele soewereine gradering vir Suid-Afrika tot die begroting in Februarie volgende jaar voorbehou, wanneer dit duidelik sal wees of die tesourie daarin gaan slaag om sy teikens te behaal.

Dit is van kritieke belang dat Suid-Afrika afgradering voorkom, omdat dit ons staatseffekte van die Citigroup World Securities Index sal uitsluit. Dit sal grootskaalse uitvloei van buitelandse kapitaal uit plaaslike effekte en aandele veroorsaak en verdere druk op die dalende rand plaas.

Rand kan versterk

Die Reserwebank verwag dat die rand teen die einde van 2019 teen sowat R13,40 teen die dollar sal verhandel. Aanstaande jaar se begroting en die verkiesing is bepalend vir die rand. 'n Verbetering in Suid-Afrika se politieke omgewing kan die rand aansienlik laat verstewig, veral as die dollar teen einde 2019 verswak, soos algemeen verwag.

Beleggingsbeloftes

Die beleggings wat Suid-Afrika in die komende maande verwag, is ook bemoedigend vir groeivooruitsigte. Dit sluit in $20 miljard se beloftes by die laaste beleggingskonferensie en 'n bestaande $35 miljard, insluitende $10 miljard elk uit Saoedi-Arabië en die Verenigde Arabiese Emirate, asook 'n groot belegging van Mercedes-Benz.

Sterk globale groei en fiskale uitbreiding in die VSA, China, Duitsland en elders in Europa kan ook 'n ondersteunende omgewing vir groei in Suid-Afrika skep, veral as die risiko van 'n wêreldwye handelsoorlog momentum begin verloor.



"Dit is van kritieke belang dat Suid-Afrika afgradering voorkom."

Bemagtiging van Afrika

'n Verrassende ommekeer het in Afrika begin posvat wat entrepreneurskap die kern van sy strategie maak om armoede te besweer en ekonomiese voorspoed te verseker.

Hierdie ekonomiese filosofie, beter bekend as Afrikapitalisme, verklaar dat die private sektor in Afrika die vermoë het om die vasteland te verander en ekonomiese en sosiale welvaart te skep. Afrikapitalisme word dikwels gekoppel aan "inklusiewe kapitalisme", "impakbelegging", "bewuste kapitalisme" en "filantro-kapitalisme." Die filosofie van neo-kapitalisme wat die nouste verband met Afrikapitalisme het, gaan oor die teorie van "skepping van gedeelde waarde".

Skep gedeelde waarde

Hierdie teorie is sewe jaar gelede reeds bekendgestel deur twee professors van Harvard, Michael Porter en Mark Kramer. Hulle het wêreldwyd opslae gemaak met hul baanbrekende artikel, "Creating Shared Value: Redefining Capitalism and the Role of the Corporation in Society" wat in 2011 in Harvard Business Review verskyn het. Hulle het aangevoer kapitalisme was onder beleg, want die publiek het vertroue in groot besighede verloor wat omgewings- en sosiale probleme skep en floreer ten koste van die breë bevolking.

Gedeelde waarde beteken dat hulp individue moet bemagtig, eerder as om hulle afhanklik te maak. Dit is in teenstelling met die tradisionele benadering tot ontwikkeling waar skenkers en regerings belê in basiese gesondheid, opvoeding en toegang tot voedsel in ontwikkelende lande, met die hoop dat die begunstigdes uiteindelik selfversorgend sal word.

Ná die Koue Oorlog is Afrikalande uitgebuit deur hul natuurlike hulpbronne te ontgin, waar rou materiale uitgevoer is sonder dat enige waarde toegevoeg is. Hierdie hulpbrongedrewe groei skep nie wesenlike werkskepping nie en help nie om die vasteland uit die siklus van armoede te bevry nie.

Die sentrale uitgangspunt van Afrikapitalisme en die skep van gedeelde waarde is dat mededinging 'n belangrike deel van suksesvolle gemeenskappe is. Die toevoeging van plaaslike waarde tot produkte sal verseker dat Afrika sy eie hupbronne doeltreffend ontgin.

Dit is 'n uitdaging aan plaaslike besighede om besluite te neem wat ekonomiese en sosiale welvaart sal verhoog en hul eie gemeenskappe sal ophef. Dit sal help om besighede meer winsgewend te maak, aangesien die gemeenskappe wat hulle bedien, goeie verbruikers word. Dit skep ook beter opgeleide werknemers en selfs entrepreneurs wat verskaffers en diensverskaffers word.

Afrikane kan nie opheffing en ontwikkeling net aan hul regerings, skenkerlande en filantropiese organisasies oorlaat nie. Die private sektor in Afrika moet self opstaan en die verantwoordelikheid van ekonomiese groei en sosiale ontwikkeling aanvaar.

Die beginsels van Afrikapitalisme is:

- **Entrepreneurskap.** Ontsluit die krag van individue om hul besigheidsidees in suksesvolle maatskappye te omskep.
- **Langtermynbeleggings.** Ontplooi langtermynkapitaal wat groter en breër ekonomiese waarde skep, pleks daarvan om net hulpbronne te ontgin.
- **Strategiese Sektore.** Belê in sektore wat 'n finansiële opbrengs lewer sowel as breër ekonomiese en sosiale waarde skep, veral in landbou, krag, gesondheidsorg en finansies
- **Ontwikkelingsdividend.** Maak beleggings en bedryf sake op 'n wyse wat finansiële opbrengste aan aandeelhouers lewer en ekonomiese en maatskaplike voordeel vir alle belanghebbendes skep.
- **Toegevoegde waarde.** Maak gebruik van plaaslik beskikbare menslike en finansiële kapitaal, grondstowwe en ander insette wat langer, meer geïntegreerde streeksleweringskettings van hoër waarde skep.
- **Streeksamewerking.** Bevorder intra-streeks-handel en handel deur die ontwikkeling van nasionale en infrastuktuur oor grense om plaaslike en streekshandel te vergemaklik.
- **Meergenerasie-ontwikkeling.** Fokus op beleggings en ekonomiese groeistrategieë wat waarde vir toekomstige geslagte bou.
- **Gedeelde belange.** Bevorder samewerking tussen besighede, beleggers, regerings, akademie, burgerlike samelewing, filantrope en ontwikkelingsinstellings om geleenthede te skep wat die private sektor in Afrika sal bemagtig en help om te floreer

Entrepreneurskap word gesien as 'n hoeksteen van Afrikapitalisme

Bevordering van entrepreneurskap behoort een van die primêre rolle van regerings in Afrika te wees om die regte omgewing te skep vir 'n nuwe geslag entrepreneurs om na vore te tree.

Die Tony Elumelu-stigting in Nigerië het 'n voorbeeld geloods deur 'n program vir entrepreneurskap bekend te stel wat $10 miljoen oor tien jaar sal gebruik om 10 000 Afrika-loodsbesighede en jong besighede te identifiseer en te help. In Nigerië alleen, misluk 95% van nuwe ondernemings in die eerste jaar, eenvoudig omdat daar nie genoeg ondersteuning bestaan nie en weens regulatoriese beperkinge. Dit is die mense wat ons toekoms kan stuur, maar nie die kapitaal,opleiding of ondersteuning het om hul klein ondernemings na die volgende vlak te neem nie.

Daar is groot uitdagings, maar ook geleenthede. Een uit elke vyf mense op die vasteland het, byvoorbeeld, nie 'n bankrekening nie en gevolglik bly toegang tot krediet-, versekerings- en ander finansiële dienste 'n groot hindernis vir die uitbreiding van klein en medium ondernemings.

Afrikapitalisme is 'n lewensvatbare oplossing en sal help om geskikte beleid vir klein en medium besighede te skep en te verseker dat Afrika se volgende generasie entrepreneurs die platform het wat hulle benodig om hul entrepreneuriese aspirasies in volhoubare besighede te verander. Dit sal verseker lei tot werkskepping en ekonomiese groei in Afrika.

ecsponent
Financial Services

2019: Hoe om jou finansiële doelwitte te bereik

Die nuwe jaar het aangebreek en dit is weer tyd om nuwe doelwitte te stel en planne te maak om dit te bereik. Wat is jou finansiële doelwitte vanjaar en het jy 'n strategie en duidelike voornemens om dit te bereik?

Het jy verlede jaar ook besluite geneem? Kon jy daarby hou? Volgens 'n verslag van die Universiteit van Scranton se "Journal of Clinical Psychology" maak 45% van mense voornemens vir die nuwe jaar, maar slegs 8% behaal hul doelwitte.

Moenie hierdeur ontmoedig word nie. Voornemens, soos doelwitte, werk op hul beste wanneer hulle spesifiek en duidelik is. As jy 'n besluit neem of 'n doel wil bereik, beskou dit as 'n vaste onderneming om iets te doen (of nie). Studies deur Fidelity (8ste Jaarlikse Resolusiestudie) toon dat diegene wat besluite neem, tien keer meer geneig is om hul doelwitte te bereik as diegene wat hulle tot niks verbind nie. Mense wat besluite neem, is geneig om meer optimisties, skuldvry en finansieel onafhanklik te wees.

Die goeie nuus oor die nuwe jaar se besluite is dat jy elke jaar 'n nuwe kans kry om te begin. Om beheer oor jou finansies te hê, laat jou goed voel en finansiële doelwitte kan help om 2019 jou beste jaar te maak waarvan jy die vrugte in die toekoms sal pluk.

Hier is 'n paar finansiële besluite wat in 2019 bo aan jou lys moet wees:

1. Begroting – 'n doel sonder 'n plan is net 'n wens

Skop die nuwe jaar af deur SMART (spesifieke, meetbare, realistiese en tydgebonde) doelwitte te identifiseer. Maak dan 'n eenvoudige begroting met 'n handgeskrewe lys van uitgawes en inkomste wat later uitgebrei kan word indien nodig. Kyk oorsigtelik en bepaal dan wat jou prioriteite is. Verbind jouself om jou begroting deur die loop van die jaar te moniteer, te verander en daarby te hou.

2. Bespaar – en belê om jou doelwitte te bereik

Die groei van jou spaargeld behoort prioriteit te geniet. Die maklikste manier om dit te bereik, is om jouself eerste te betaal. Teken 'n debietorder en betaal elke maand 'n gedeelte van jou salaris direk in jou spaarrekening wat jy dan belê sodra die bedrag groot genoeg is. Hoe vroeër jy begin, hoe groter is die opbrengs.

3. Word skuldvry – stop die gate toe

Bevry jouself van skuld en leer om op minder te leef as wat jy verdien. Moenie toelaat dat skuld jou oorval en verlam nie. Of hierdie doelwit realisties en haalbaar is, hang af van jou eie skuld en finansiële situasie. Begin deur kleiner skulde af te los sodat jy vertroue kry soos jy die bedrae op jou skuldlys aflos.

4. Bestee slim – betaal jou verband vinniger af

Die besluit om 'n ekstra betaling op jou verband te maak, kan 'n goeie manier wees om die nuwe jaar te begin. Dit verminder nie net die tydperk van jou verband nie, maar spaar ook op die rente wat gehef word.

5. Skep verskeie inkomstestrome

Om ekstra inkomste te verdien, kan 'n wonderlike finansiële besluit wees en is jou eie inkomsteversekering. Soek altyd geleenthede om jou inkomste te verhoog. In 'n swak ekonomie kan 'n tweede besigheid of alternatiewe inkomste baie gemoedsrus gee.

6. Begin 'n noodfonds – beskerm jou drome

Om 'n noodfonds te begin - as jy nie een het nie - kan 'n baie goeie besluit vir die nuwe jaar wees. Jy weet nooit wat die dag van môre inhou as dit by finansies kom nie. Met 'n noodfonds kan jy die onbekende met 'n bietjie meer selfvertroue in die gesig staar.

7. Belê in jou aftrede

Dit is nooit te vroeg of te laat om met aftreebeplanning te begin nie. Om geld opsy te sit vir die toekoms, of dit nou 'n uittree-annuïteit of 'n enkelbedrag is, kan jou aftrede net beveilig.

8. Verstaan jou beleggings

Maak tyd om jou geld te bestuur en te verstaan en maak finansiële beplanning deel van jou daaglikse roetine. Staan elke week tyd af om oor jou geld te dink, daaroor te praat en dit reg te bestuur. Onthou ook om al jou finansiële dokumente te organiseer.

9. Raak ontslae van "bagasie" en onnodige goed

Onnodige goed beteken jou geld is in dooie bates vasgevang wat vir jou geen finansiële voordeel inhou nie. Die "bagasie" kan verslawend raak en is eintlik net 'n finansiële parasiet. Dit moet boonop gestoor word teen groot onkoste. Om afstand te doen van die begeerte om meer te besit, skep net geleenthede vir groei.



10. Hou by jou finansiële besluite!

Uiteindelik sal finansiële voornemens en die uitvoering daarvan net finansiële voordeel inhou. Dit sal jou die vermoë gee om te doen wat en wanneer jy wil en te voorkom dat geld jou lewe dikteer.

PERSOONLIKE FINANSIES